Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

# Testament moet vir jou praat

## Daar's geen standaardvorm wanneer dit by erfgoed kom



Toe jy jonk en jou kinders klein was. Jou testament is nie sommer 'n dokument wat jy gou by die prokureur inhardloop en laat opstel en onderteken nie. | FOTO: ISTOCK

'Dit help nie jy probeer geld uit die hemel uit stuur nie, jy moes 'n polis gekoop het."

Die subredakteur wat by verlede Sondag se rubriek oor lewenspolisse hierdie byskrif by die illustrasie geskryf het, moet 'n pluimpie kry. Ekself kon dit nie beter sê nie.

Dit som vir my alles op oor lewenspolisse.

In 'n sekere sin vat dit vir my ook die kern saam van wat ons verstaan onder boedelbeplanning. Jy kan nie ná jou dood daaraan aandag gee nie, jy moes dit al gedoen het.

Net soos met die polis, net so met jou testament.

Maar eers die storie van die boer. Baas op sy plaas. In beheer van alles en almal wat hom toelaat om te wees. As dit van hom afhang sommer daar uit die hemel ook.

In sy testament skryf hy voor wat moet gebeur as hy sterf.

Twee wit perde moet voor die kar ingespan word. Sy kis agterop, bedek met die landsvlag. Wie moet op die wa sit en wie moet langsaan stap. Die "lykswa" moet regs om die huis ry op pad graf toe.

"En as julle by die driffie kom… Nee, los liewer, ek sal dan self oorneem."

### Testament is jou laaste kans

Jy kan nie uit die graf regeer nie. Net so moet jy ook nie deur jou testamentêre bepalings uit die graf probeer regeer nie.

Terselfdertyd is jou testament die enigste manier hoe jou naasbestaandes en ander gaan weet wat jy wou doen met jou goed. Dis jou enigste en laaste kans om te kan sê hoe jou goed verdeel moet word.

Regter Leach het in die appèlhof-uitspraak in die saak *Raubenheimer v Raubenheimer* (2012) uitgewys: 'n Mens se testament is "een van die belangrikste dokumente wat jy waarskynlik ooit sal onderteken".

### Slaggate met polisse, kontant en gades

Ek noem puntsgewys hier 'n paar kwessies om testamente wat soms probleme kan veroorsaak. Jy moet hieraan dink:

■ Jou testament is nie sommer 'n dokument wat jy gou by die prokureur inhardloop en laat opstel en onderteken nie. As jy nie vooraf 'n boedelbeplanning gedoen het nie, al is jou batesamestelling hoe basies, is jy besig om te raai. 'n Raai wat jy nie sal kan regmaak as dit skeefloop nie;

■ Daar bestaan nie iets soos 'n "standaardtestament" nie. Enigeen wat dit vir jou sê, dra eenvoudig nie jou belange op die hart nie;

■ Die taalgebruik in jou testament is uiters belangrik. Sou die egtheid van die testament betwis word en dinge draai in 'n hof, sal die hof hom laat lei deur die normale, doodgewone betekenis van woorde en taal soos dit in die testament staan. Begin deur seker te maak jyself verstaan elke woord en elke klousule voordat jy dit onderteken;

■ Daar is heelwat regsvereistes waaraan 'n dokument moet voldoen voordat dit as jou testament aanvaar sal word.

Dit moet byvoorbeeld in die teenwoordigheid van twee getuies onderteken word. En hulle mag nie erfgename wees nie, want dan sal hulle nie kan erf nie;

■ 'n Fout wat gereeld insluip is om bates te bemaak aan byvoorbeeld X, maar dan na te laat om te sê wat met daardie bate moet gebeur as X dalk al self weg is teen die tyd dat jy en Charon, die veerman daar by die Styx-rivier, mekaar ontmoet. Dit kan gevolge hê wat jy nie voorsien het nie;

■ Wil jy hê dat geskenke wat jy in lewe vir jou kinders gegee het, die dag ná jou dood ingebring word in jou boedel vir 'n herverdeling? Nee? Wel, dan moet jy dit uitdruklik só bepaal in jou testament, want die reg glo in beginsel jy sou al jou kinders gelyk wou laat erf;

■ Ons sien bemakings van bedrae kontant aan mense, maar dan is daar nie geld in die boedel oor nadat sterfbedkoste, belastings en skuld betaal is nie. Dit kan beteken dat vaste bates verkoop sal moet word. En ander erfgename ly daaronder;

■ Verder tot die vorige punt, pasop vir die "bemaking" van 'n lewenspolis in jou testament. As die polis begunstig is aan iemand, betaal dit direk aan daardie persoon volgens die kontrak wat jy met die versekeraar aangegaan het. Jy kan dit nie bemaak ook nie. Dis 'n oorsaak van lang trane by erfgename;

■ Het jy gesorg vir 'n oorlewende gade of lewensmaat? Daardie persoon het 'n eis teen jou boedel ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (27 van 1990), ongeag wat jy in jou testament sê; en

■ Is jy lid van 'n pensioen- of uittreeannuïteitsfonds? Die trustees van die fonds het ingevolge art. 37C van die Pensioenfondswet (24 van 1956) die finale sê oor wie die fondsvoordele ná jou dood gaan kry.

Jou testament moet dit in ag neem as jy dalk iemand uit die pensioenfonds wil bevoordeel en iemand anders in gelyke mate deur jou testament. Een kan met alles wegstap.

Ek hoop hierdie paar los punte om testamente wys dat jy die antwoorde vir boedelprobleme net gaan kry as jy behoorlike beplanning laat doen het.

Jy moet dit doen terwyl daar nog tyd is. Uit die hemel uit sal jy sowaar nie kan voorskryf nie. En jy wil nie hê jou erfgename moet wens jy was liewers op daardie ander plek nie.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.